Laaste gesprek gee insig in Matthee se werk

Deur Amanda Botha

Byna 20 jaar gelede het iets van die Strandveldse stories – van die kontrei rondom L'Agullas en Bredasdorp – in Dalene Matthee kom "vasmossel" om uiteindelik te groei tot haar agtste en laaste roman, Die Uitgespoeldes, wat môre amptelik bekend gestel word. Sy het pas nadat sy die manuskrip ingehandig het by die uitgewer Penguin – vir sy eerste titel in Afrikaans – in Februarie vanjaar gesterf.

Vir Matthee het die bekoring van die Strandveldse mense ook van die kant van haar man, Larius, 'n Bredasdorper, gekom, maar dit is hoofsaaklik gevoed deur Piet van As, 'n Strandvelder in murg en been, wat jare reeds "die ou-ou stories uit die ou mense kry om flenters onthoue saam te gooi".

Van die middel-tagtigerjare kom die stories al na Matthee, maar tussenin het sy vier ander romans voltooi. In 2003 het sy met mening begin werk.

Soos al haar vorige romans getuig, was Matthee se navorsingswerk vir haar die belangrikste.

Sy het baie maande bestee aan intensief lees, navraag doen, die omgewing besoek waaroor sy wou skryf, en onderhoude voer. En so, met verdrag, het sy die stukkies soos in 'n legkaart aaneengelas.

Met Die Uitgespoeldes was dit nie anders nie. Sy het wyd gelees oor die mense van die omgewing – gepubliseerde en ongepubliseerde tekste – totdat sy begin speel het met wat die hoofmomente van haar verhaal sou word. Sy had haar eie pas. Vir haar moes die karakters eers gestalte kry, en van daar ontwikkel sy die storielyn. Die gegewe is op die werklikheid gebaseer, maar dit word slegs die bestanddele van haar storie. Sy het herskep en omvorm so in die werk. Sy het dit self só gestel: "Ek weet wanneer om stadig te loop; ek weet wanneer ek moet draf." Die "stadig loop" is wanneer sy intens oor haar onderwerp lees, en die "draf" is wanneer haar storie haar op loop neem.

In Die Uitgespoeldes vertel Matthee die verhaal van 'n uitgespoelde by Rietfontein naby Kaappunt, en laat sy die gegewe afspeel op drie plase – Springfield, Renosterkop en Ratelrivier.

Die tydvak is die dekade 1950 tot 1960, en die verhaal draai om twee Britse edelliede, James St. Vincent Broke, vyfde Baron de Saumerez, en sy Sweeds gebore vrou, Gunhild Balck, Lady de Saumarez, wat ook 'n verbintenis had met die Sweedse koningshuis.

Hulle vestig hulle op die plaas Springfield, en bekom gaandeweg ook twee aangrensende plase wat aan die kus lê – Renosterkop en Ratelrivier. Hulle word vir Matthee "Lord en Lady. Twee vreemde siele wat hier op die suidste punt van Afrika kom uitspoel om suutjies klaar te leef."

Die karakters van die roman is die mense van die omgewing in dié tyd – meestal behou hulle hul regte name, maar soms het Matthee dit verander. Die interaksie tussen die Britte enersyds en hul werkers en ander met wie hulle in aanraking was andersyds, vorm die gegewe van die verhaal.

Dit omsluit 'n verskeidenheid volksverhale, historiese gebeure, anekdotes, gegewens uit wetenskaplike publikasies oor waterkwessies, 'n moord, en die drama van oorlewendes van skepe wat hier op die rotse geloop het.

’n Vonds vir Matthee was die ontdekking van die huis op Die Walle, ’n seehuis waar die Britse premier Harold MacMillan die naweek tuisgegaan het voordat hy sy historiese toespraak “The Winds of Change” voor die Suid-Afrikaanse parlement gelewer het. Eers het sy intensief oor MacMillan gelees – sy memoires en boeke oor hom – om ’n indruk van dié politikus te kry, veral van sy ingesteldheid aan die vooraand van sy belangwekkende toespraak.

Sy het dit só gestel: “Ek lees solank die boek om immers my onkunde te bepaal. Baie interessant. Eintlik ’n druppel in ’n diep emmer.” Ná die “deurworsteling van die dikke politieke boek”, het Matthee haar eie indruk daarop nagehou: “Ek dink politici is domme, verleide skepsels. Slim kan ook baie dom wees.”

Hierna begin haar navorsingswerk, met besoeke aan die kontrei, talle gesprekke en lang onderhoude.

Vir haar werk dit so: “Soeke na ’n storie se punte het patrone; soms werk dit, soms werk dit nie.”

Om aan so ’n storie lewe te gee, is “heavy werk”. Twyfel moet oorwin word, want frustrasies pootjie dikwels die geesdrif. Een informant wat “diepe kontak met Lord de Saumarez gehad (het), se onthou het ’n bietjie opgeraak. Iewers begin ek versigtig dink. Moet ek die saak verder voer? Ek weet nie.” So het Matthee gedurende die skryfproses aangeteken.

Net toe kom daar lig. In Oktober 2003 maak sy kontak met lord Eric de Saumarez, wat oor die oupa en ouma inligting het, en dit hak die knoop deur. In sy private besit is twee private publikasies wat sy ouma oor sy oupa geskryf het.

Sy het ook, voordat sy die Kaap verlaat het, ’n tweede boek voltooi oor haar Sweedse familie. ’n Deurbraak vir Matthee was dit toe sy toegang tot dié inligting verkry het.

Maar hierna volg, soos Matthee dit gestel het, “die harde werk – nie vir sissies nie”. Dis “die binnewerk” vir ’n boek, en om dit daar te stel, beteken fyn dink, subtiel inleef en 1001 vrae wat om antwoorde vra. Vrae soos wanneer die makriel loop, hoe ’n ratel lyk, hoe harders gevang word, van waar die mishoring van Danger ¬Point soms sigbaar of hoorbaar is, hoe robbe doodgeslaan word en of kersboomhout gekende vuurmaakhout is.

Maar dit word uiteindelik Moses Swart se boek. “Hy is die een wat regtig in Rietfontein se baai uitgespoel het. Daar waar ’n mirakel hom kom optel het, en ’n flentertjie onthou diep in hom agtergelaat het.”

- Hierdie artikel is gebaseer op Dalene Matthee se laaste gesprek oor haar boek, met die skrywer hiervan, en op ’n briefwisseling tussen haar en Piet van As.

BRON: Die Burger, 26 September 2005